
# DIE ZASTRONNER



# ZASTRON APTEEK

*Gesondheidsorg en Diens*

PLUS

'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN:

*Revlon*
*Alexandra de Markoff*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandelikse Plus-Promosies
en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en
Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 *(Huis)* 546 • POSBUS 400 • ZASTRON 9950

Eienaar/Uitgewer/
Drukker/Redaktrise:
Diana Rautenbach

Adres:
Die Zastronner
Posbus 54
ZASTRON
9950

Tel.: 1821
Boesmanskop

Buiteblad gedruk
deur Sentrapers,
Posbus 380,
Ficksburg, 9730

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.

Met dank en erkenning aan:
Die Munisipale Raad vir borgskap;
Mnr. Pieter Brink vir die voorbladfoto;
Die kleurskeiding geborg deur die Munisipaliteit;
Die N.G. Kerk Vanstadensrus en Zastron vir hul steun;
Adverteerders en Medewerkers

# REDAKSIONEEL

## DIE WONDER VAN GEE

*Gewoonlik het ek nie veel erg aan radio-programme waar luisteraars boodskappe kan uitsaai nie, maar nou die aand het 'n storie tog my aandag getrek: Twee gestremde vriendinne het in 'n winkel iets gekoop, maar toe hulle wou betaal, het die winkelier hul meegedeel dat die bejaarde dame wat voor hulle in die tou was, reeds vir hulle betaal het. Daar hulle nie geweet het wie hul weldoener was nie, het hulle besluit om deur middel van dié radio-program hul dank oor te dra.*

*Heel waarskynlik was die bejaarde dame nie 'n miljoenêr nie, maar net iemand met 'n warm hart. Want is dit nie juis diegene wat nie het nie, wat graag gee, en die wat weer baie het, wat met mening daaraan vasklou nie? Wat die vrou se optrede verder noemenswaardig maak, is dat sy gegee het, sonder om iets terug te verwag.*

*Dit het my laat dink hoeveel geleenthede is daar nie in ons gemeenskap om 'n weldaad te bewys nie. Maar benut ons dit of trek ons die skouers onbetrokke op en troos onsself dat "almal deesdae maar swaar trek!" Iewers het ek gelees dat die Jode vroeër tydens een van hul feeste die mooi gebruik gehad het om "iemand te soek wat minder as jy het en aan hom 'n geskenk te gee."*

*Kom ons probeer dit, want ek is seker as ons met oop oë en warm harte deur die lewe gaan, sal ons êrens op ons lewenspad iemand ontdek vir wie ons goed kan wees.*

***REDAKTRISE***

# B R I E W E



*Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Saterdag, 20 Junie 1992.*

## WENKE VIR DIE VOLGENDE OOGFEES

Beste lesers

Almal het seker geraai dat vandeesmaand se skrywe oor die Oogfees sal gaan. Maar voordat ek "tot aksie" oorgaan, wil ek eers die bestuur van die Landbougenootskap bedank vir hul baie harde werk en opoffering. Sinterklaas besef maar te goed dat dit 'n liefdesdiens vir die gemeenskap is en dat kritiek meestal al terugvoering is wat ontvang word.

Daarom wil ek graag vra dat my skrywe nie as afbrekende kritiek beskou sal word nie, maar eerder as goedbedoelde wenke!


**Raad**

* Ten eerste om 'n fees oor twee dae op Zastron aan te bied, is te lank.

* Besin ook volgende jaar ernstig oor die datum, want met langnaweke gaan mense graag weg.

* Verder hoe u dit oor die hart kon kry om, in hierdie swaarkry-dae, toegangsfooie by die hek so duur te maak, gaan my verstand te bowe. *

* Miskien moet u in die toekoms meer kontrole hou oor die persone wat die treinrit meemaak, want afgesien dat sommiges se gedrag nie na wense was nie, verstaan ek dat

verskeie mense nie vir hul kaartjies betaal het nie!

* Ek weet daar was baie klagtes oor die Zastronners se onbetrokkenheid en ek kan die organiseerders se moedeloosheid verstaan, maar om aan alles deel te hê, het vir my, vroulief, boet en sus 'n ontstellende bedrag uit die sak gejaag en ek vertrou maar dat die bankbestuurder sal verstaan dit was die Oogfees en ek wou my kant bring!

Ek sien egter uit na volgende jaar se fees, want as u bogenoemde wenke ter harte neem, dan is die stryd klaar half gewonne.

**Sinterklaas**

## JONG BOERE SE VOORKOMS NIE NA WENSE

**'N WARE HEER VAN ZASTRON SKRYF:**

Ek is 'n boer en het ook plaasklere, maar as ek dorp toe gaan, trek ek my netjies aan. Dit lyk egter vir my of die jonger manne vergeet het dat daar iets soos netheid bestaan.

Kyk gerus bietjie rond, oliekolle versier hul kakiebroeke, kouse is vol gate of skoene word sonder kouse gedra. Party het nie eens geskeer nie en ek wonder of 'n kam ooit die hare gesien het! Dan wil ek nie eers praat van die liewe oorbaadjies wat so graag gedra word nie. Dís 'n onmisbare kledingstuk op die plaas, maar in die dorp lyk dit slordig.

FINANSIëLE ADVIESDIENS
OU MUTUAL
KRY MEER UIT DIE LEWE
*Kontak Frik Smit*
*Tel. 131*
*Ou Mutual*
*VLK-gebou*
*Zastron*
MUTUAL & FEDERAL VERSEKERING
rotsvas
Bates oorskry R600 miljoen.
solvensiedekking meer as 90%

Ag nee, doen tog iets aan julle voorkoms. Al kry ons boere ook nou hoe swaar, is dit geen verskoning om so onnet dorp toe te gaan nie.

Miskien sal dit ook 'n goeie idee wees as party jonger boere die gimnasiums wil besoek, want die figure laat ook veel te wense na!

## SO 'N IETSIE OM AAN TE HERKOU

**Mnr. Jimmy Gertenbach skryf:**

Hier in die distrik is daar 'n hele aantal interessante plaasname. As ek nou dink aan 'n heel oorspronklike naam, dan is dit Landmetershoed-Wegwaaihoek. Dit is 'n stukkie grond daar naby tant Sarah Swanepoel by die Oranjerivier. Blykbaar het die landmeters daardie tyd meeste van die plase hul name gegee en die plaas kry toe sy naam as gevolg van 'n insident wat deur die naam beskryf word. Die ou mense sou ook gesê het dat die plaas hom dood dra aan sy naam, want dit is nou nie juis 'n baie groot lappie aarde nie.

Uit die wêreld waar ek grootgeword het, is daar net sulke interessanthede. Ongeveer 30 kilometer Noordoos van Middelburg (Kaap) is daar die plaas met die naam van Skelmkoppies. Vroeër jare voordat daar 'n opstal gebou was op die plaas, het die trekpad daar digby die koppies verbygeloop. Hierdie twee koppies is ongeveer so hoog soos 'n huis se dak. Wanneer daar togwaens met hul negosieware verby gegaan het, het die Boesmans die transportryers daar voorgelê, die drywers en touleiers verjaag en die vragte buit gemaak.

Die transportryers het toe 'n plan beraam om die rowers hok te slaan. Hulle laai toe 'n paar waens met vragte, maar laat 'n ruimte vir 'n aantal transportryers om in weg te kruip. Hulle het die nodige opdragte aan die touleiers en drywers gegee en trek toe die vlakte in.

Die Boesmans was vol vertroue dat hul weereens hul buit gaan maak en storm van agter die koppies op die waens af. Die touleiers en drywers sien dit en met 'n vreeslike geskree en geraas vlug hul verder die vlakte in. Die versteekte transportryers spring toe uit die waens en oorval die Boesmans. Daar het nie veel van die skelms oorgebly nie. Só het die plaas dan sy naam van Skelmkoppies gekry.

Ek glo daar is nog 'n hele aantal sulke interessante stories te vertelle en dat u ons daarvan sal laat hoor.


**CALEDON MAKELAARS BK**

***U onafhanklike Versekerings-makelaars***

U het ons nodig

indien u voel dat u -

* PREMIES TE HOOG IS ....

* PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD ...

* ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG ....

***ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES***

Skakel vandag nog

**ZASTRON TEL. 259**


## 'N PLUIMPIE VIR DIE GHOLFKLUB

**Mr. Roger Manning skryf:**

Just a short note to tell you what a pleasant surprise it was to play on your beautiful course last week. Having been brought up on courses

Sanlam

Waar u toekoms tel

Boedel & Aftrede beplanning

Belasting besparing

Beleggings & Finansiering

Versekering

Plaaslike Verteenwoordiger

DAPPER DE WET

TEL. ROUXVILLE 143

Kantoor ure (08h00 - 13h00)

in the Free State and Northern Cape (my dad was pro in Kroostad and Kimberley), I wanted my sons to experienced playing on "browns". To my amazement your course has superb greens. We only had time for nine holes last Friday, but I will make a point next time we pass by to have a full round.

## BAIE DANKIE

**O.V.V.-KAFEE TYDENS OOGFEES**
Dit was die eerste groot funksie van ons O.V.V.-tak vanjaar en ons het die mooi bedrag van R2 538.04 ingevorder, waarvan die kostes R945.87 bedra het. Ons hartlike dank aan die gemeenskap vir hul ondersteuning. Wees verseker dat ons ook baie geleer het en dat waar sake bietjie gehaak het, ons dit op 'n volgende geleentheid sal regstel. Die wins van R1 592.70 word terugge-ploeg in ons eie gemeenskap.

**Mev. Lené Hoffman** wil al hul vriende en familie bedank vir hul ondersteuning tydens Sias se siekte. Die belangstelling is opreg waardeer.

**Huis Vergesig skryf:** Dit gaan goed met die personeel en inwoners van ons tehuis. Ons wil graag ons opregte dank en waardering oordra aan elke persoon wat in die afgelope maand donasies in die vorm van vrugte of ander eetgoed vir die tehuis gebring het. Dankie ook vir al die mooi blomme om ons plek te versier. Dit gaan nie ongesiens verby nie en almal het plesier daarvan.

**Jan en Smittie Bekker van Vanstadensrus** wil graag almal bedank wat gehelp het om vuur te slaan op Lensielus naby Boesmanskop. Ons het dit opreg waardeer. Dit is inderdaad 'n voorreg om te weet daar is soveel mense in die gemeenskap wat omgee. Nogmaals baie dankie.

## DANKIE (vervolg)

**Tossie en Charmaine Smith**
wil graag almal bedank vir die belangstelling tydens Natasha se geboorte. Wees verseker ons waardeer elke oproep, kaartjie, besoek en geskenk.

**Tinus en Rinette Botha skryf:**
Graag wil ons net almal bedank vir geskenke, kaartjies, blomme en besoeke met die geboorte van ons dogter, Zelda.

Ons opregte dank ook aan die Verpleegpersoneel van Zastron Hospitaal vir hul flinke diens, asook dr. Swanepoel, dr. Van Zyl en dr. Van Rooyen vir hul goeie werk! Dit word opreg waardeer.

**Mnr. Dirk en Heléne Snyman skryf:**

Baie dankie aan almal wat hierdie mooi dag met ons kom deel het. Al die liefde en belangstelling beteken vir ons ontsettend baie.
(Foto onder)



'n Stralende Snyman-egpaar op hul troudag.

## DIE SLUIER EFFENS GELIG OOR DE CERJAT-FAMILIE

**Mnr. Piet Wessels van Vanstadensrus skryf:**

In antwoord op my versoek in die vorige uitgawe van Die Zastronner om inligting oor Frederick Charles de Cerjat wat vroeër jare op die plaas Trianon, Boesmanskop gewoon het, het mev. Betty Carter van Boesmanskop geantwoord.

Sy vertel dat sy kan onthou dat die vader van mnr. Herbert Carter, van Boesmanskop, dikwels vir mnr. De Cerjat op Trianon gaan kuier het om kaart te speel.

In die Anglikaanse kerk op Wepener verskyn die name van twee De Cerjats. Een verskyn onder 'n lys van name van soldate wat in die Eerste Wêreldoorlog gedood is en die ander is aan natuurlike oorsake oorlede.


**MULTIMARK**
**Reichenbergstraat 30**
**ZASTRON**

**Algemene Handelaar**

**TEL. 10**
*Skakel gerus*
*ons doen aflewerings*


**D A G B O E K**
**JUNIE**

1 - 6 Pinkster 18h00
4 Gideons
5 Zastron Boerevereniging
OVV
Ouerleidingkliniek
6 Rugby: Zastron vs Bethulie
S A Polisie: Steakaand
7 Pinksterfees en -ete
Interkerklike diens
skougronde 15h00
8 Hoërskool eksamen begin
9 Tuinbouklub
BKJA
11 Gideons
12 Bloedskenk
13 Gholf Nyburghbeker
16 BKJA
Laerskool eksamen begin
17 Kerkraadsvergadering
19 Bewaringskomitee
20 Gholf: Borgdag
22 Voortrekkerfunksie
23 BKJA
24 VLU
25 Rapportryers
Koshuispartytjie
26 Distriksboere-unie
Skole sluit

## GEDAGTE VIR DIE MAAND

"'n Mens se jeug sou 'n ideale toestand gewees het as dit net 'n bietjie later in jou lewe gekom het."- Lord Asquith

# E K H O O R . . .

## Geboortes

Op 7 Mei is Tinus en Rinette Botha se derde kind, 'n dogtertjie gebore.

Mev. J. Boules van Mohaleshoek het op 10 Mei 'n seun ryker geword.

## Heengegaan

'n Gewilde polisieman van Wepener, A/O Len Lange (58) is op Dinsdag, 28 April, in 'n motorongeluk naby Port Elizabeth gedood. Sy eggenote, Poppie, het beserings opgedoen en was die enigste van die vier insittendes in sy motor, wat oorlewe het.

'n Swaar vragmotor en 'n kombi was ook in die ongeluk betrokke.

A/O Lange was lank hoof van die Veediefstaleenheid op Wepener en was bekend vanweë sy skakeling en goeie betrekkinge met die Lesotho-polisie. Nadat hy uit die polisie getree het, het hy weer aangesluit en toe as verhoudingsbeampte opgetree.

A/O Lange was met sy dood voorsitter van die Wepener Tennisklub.

Mev. Cornelia Church is op 1 Mei op Zastron oorlede.

Mnr. Louis Myburgh van Reichenbergstraat 65 is op 11 Mei oorlede.

## Siektes


Met die ter perse gaan, was die volgende pasiënte in die Zastron-hospitaal:
Mej. M.S.E. Kleynhans, mev. Cora Rhode, mev. Arnold.

## Nuwe Intrekkers

Mnr. H. Hohe woon in Kerkstraat.
C.M. Magengenene in Malherbestraat
W.J.J. van Niekerk in Joachimstraat 36.
Mev. F. Phororo in Komiteestraat 1.
Mev. J. Matiwane in Vegkopstraat 39.

## Junie-Verjaardae
N.G. Kerk Zastron

1 Hennie Labuschagne
3 Mina Langeveldt
  Elize de Wet
4 Ansie Kruger
5 Marianne Jordaan/Tol Calitz
7 Lettie Snyman/Daan Bekker/Eric



Fonternel/Hugo Hauptfleisch
8 Hester Hattingh
9 Johnny Walstrand
11 Adam Fouché
13 Anna Geldenhuys
14 Benjamin van Rensburg
16 Alet Steenkamp/Ina Cronjé
18 Maggie Greyling/Drieka Venter
20 Coert Grobbelaar
23 Ansie van den Berg
24 Gawie Schoeman
27 Piet Henning
30 Ansie Botha/Hannatjie Swanepoel

**Vanstadensrus**

2 Koba Bekker
4 Sussie Wessels
5 Vonnie Fouché/Ona Rautenbach
8 Tok Arnold
18 Jan Bekker
25 Piet Wessels (Longlead)

**Algemeen**

Zastron Hospitaal beplan om die X-straal eenheid op te gradeer. Dit is in die pyplyn vir vroeg volgende jaar.

'n Een-en-sewentigjarige vrou, Joan Almond, het op 15 Mei die dorp besoek. Sy is die dogter en ook enigste oorlewende familielid van Oubaas Ingram, wat tot en met 1952 eienaar van Unie Drankwinkel was. Sy het per trein vanaf Port Elizabeth gereis om na haar ouers se grafte te kom kyk. Terselfdertyd het sy ook 'n draai by die Drankwinkel en by die dam op die berg gemaak. Ondanks haar ouderdom, is sy 'n voorbeeld vir menige, want sy wou voetslaan vanaf die stasie dorp toe, daarna na die ou begraafplaas en selfs die berg op!


ZASTRON
SLAGHUIS

TEL. 20 Na-ure TEL. 468

HOOFDSTR. 25
ZASTRON

(Besoek gerus ook ons tak te Rouxville)

*ONS IS VERSKAFFERS VAN*

Vars vleis

Biltong en Droë Wors

Tuisgemaakte kouevleis

Lekker kerrie sosaties

en hoender sosaties

Melk en Vrugtesappe

*KOM BINNE EN OORTUIG USELF*

*VAN DIE BESTE PRYSE OOIT*

Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis Vleis


Op die plaas, Moolmanshoek van mnr. Andries Mulder is 5 skape gesteel. Op Mooifontein word vier skape vermis en Vogelensang, Lizbé en Nellieshof elk een skaap.

Juanné Jordaan, st. 4-leerling van die Oranje Meisiesskool in Bloemfontein het weer haar Vrystaatkleure in Landloop behaal. Op 16 Junie sal sy haar provinsie verteenwoordig teen Wes-Transvaal. Juanné is mnr. en mev. D. Jordaan se jongste dogter.

Op Donderdag, 14 Mei het mnr. Kenneth Sinclair van Zastron Slaghuis 'n noue ontkoming gehad toe hy deur twee onbekende swart mans in die Transkei aangerand en beroof is.
Die voorval het omstreeks 11 uur die oggend gebeur by die Monode Kafee, ongeveer 4 km van Sterkspruit af. Mnr. Sinclair is buite die kafee deur die aanvallers met 'n 9 mm pistool ingewag. Hulle het hom na die bakkie gedwing en ongeveer 15 minute daar aangehou. In 'n poging van mnr. Sinclair om homself te verdedig, het die mans hom met 'n mes in die bors gesteek en met R6 500 op die vlug geslaan. Een van die verdagtes is reeds deur die polisie in hegtenis geneem.


**VAN REENEN & SEUN**

*Agter BP-Vulstasie*

**Algemene reparasiewerk aan enige diesel- of petrolvoertuig deur senior gekwalifiseerde werktuigkundige**

**Ons doen ook sweiswerke**

**TEL. 502** Na-ure tel.378


## GESINSSEËLS VELDTOG

Die veldtog is einde verlede maand geloods en die Burgemeestersvrou, mev. Helen Shaer het die eerste seël voor die Poskantoor gekoop. Altesaam 300 boekies is ontvang en op 24 April was reeds 240 verkoop. 'n Totale bedrag, van R520 is ingesamel. Die plaaslike tak van die O.V.V. sê baie dankie vir die vriendelike en vrygewige gemeenskap. Op die foto verskyn mevv. Babs Swanepoel, Molly Coetzee en Lena Kriek saammet mev. Helen Shaer (middel agter)



## ROUXVILLE-REÜNIE GROOT SUKSES

Rouxville Hoërskool is vanjaar 120 jaar oud en daar is goed gedink om die geleentheid met 'n reünie te vier. Die naweek van 1 - 3 Mei het oud-Rouxvilliete van feitlik oor die hele land op die dorpie toegesak.

Die verrigtinge het die Vrydagaand afgeskop met 'n braaivleis vir 600 mense. Onnodig om te sê daar is tot laataand gekuier en dat dit een groot fees was.

Die Saterdagoggend het besoekers tennis, gholf en rolbal gaan speel, terwyl die minder sportiewes saam met Hendrik Smith in die skoolbus 'n pelgrimstog deur die dorp onderneem het! Die aand was dit tyd vir uithang - 430 volwassenes het die spogdinee bygewoon en Rouxville se dames het gesorg dat daar nog lank oor dié heerlike spyskaart gesels gaan word.

Die feesnaweek is Sondagmorê afgesluit met 'n kerkdiens, gelei deur 'n oud-leerling, ds. Wouter van Velden van Witsieshoek. Te gou was die lekker-saamkuier en weersiens verby, maar almal was dit eens - ons sien uit na volgend keer!

## KOM LEER MEER VAN U TIENERKIND

Op Vrydag, 5 Junie om 11h00 is dit weer tyd vir die Ouerleidingskliniek. Die vergadering vind in die Biblioteeksaal plaas en ds. Nico de Klerk sal die tema - Bou 'n positiewe verhouding met jou tiener op deur meer kennis van sy ontwikkelingsstadiums te hê, behandel. Hy sal aspekte soos liggamlike ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, die geslagsrol en ontwikkeling van seksualiteit, emosionele- en morele ontwikkeling, identiteitsvorming en nog meer bespreek. Almal is welkom en belangstellendes kan, indien verkies, kwelvrae voor die tyd by ds. Nico of mev. Louise Fouche inhandig.


**Gerekenariseerde BOEKHOU-DIENS**

(Brilliant Accounting)

**Tot en Met BALANSSTAAT**

***Algemene Grootboek- Kasboek - BTW***

***Debiteure, Krediteure, Voorraadbeheer***

***Alle maandelikse finansiele state***

***en maandelikse verslae***

**Skakel**

**Cathy Cruywagen**

**Zastron 05542 - 235 (h)**

**of 05542 - 206 (w)**

# MUNISIPALE FUNKSIE

'n Baie suksesvolle en genotvolle gholfdag en funksie is deur die Munisipale Raad op 29 April aangebied. Raadslede en amptenare van die Munisipaliteit en Provinsiale Administrasie van Bloemfontein het die verrigtinge bygewoon.

Die gaste is by die gholfklub ontvang waar 'n heerlike middagete genuttig is. Daarna het die mans gaan gholf speel, terwyl die dames met Huis Vergesig se bussie op 'n besigtigingstoer deur deur die dorp en omgewing geneem is. Later het die Afrikaanse Sakekamer vir verversings in die hotel gesorg, waarna die dames geleentheid gegun is om inkopies te gaan doen. Die damesmiddagprogram is afgesluit met 'n skemerkelk by mev. Marlene Smith se huis.




Om 18h00 het die mans en dames weer bymekaar aangesluit in die pragtig versierde stadsaal, wat deur mev. Elize Jansen versorg is. Hier is heerlik gesels, geeët, gedans en gekuier tot laat-aand. Toe dit by die totsiens-sê kom, het dit gevoel asof ou vriende gegroet word.

### Kommentaar

Hier volg 'n skrywe van die Direkteur-generaal, mnr. Putter, wat die geleentheid bygewoon het:

"Dit is vir my aangenaam om namens myself, my gade en al my ander amptenare en hulle gades u van harte te bedank vir die uitnodiging wat u aan ons gerig het en dat dit moontlik was dat ons op informele wyse en op sosiale gebied met die Stadsraadslede, amptenare van Zastron Munisipaliteit en hul gades kon

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP

**VANANCO**
***Groothandelaars***
**ZASTRON**

AGENTE VIR

Sentraalwes (Kooperatief) Beperk

Sasko

*Kom vergelyk ons pryse*

**VRA VIR RONNIE OF MIKE**

**TEL 346 179**

verkeer.


Wees verseker van ons opregte dank en ons vertrou dat die vrienskapsbande wat op die gholfbaan, die dames-uitstappie en tydens die aandfunksie gesmee is net tot voordeel van die vennootskap wat reeds tussen die Provinsie en u Raad bestaan, sal strek.

Sterkte vir die toekoms en mag ons vennootskap net van krag tot krag gaan."


Hier verskyn mnr. en mev. Nico Jansen, die burgemeesterspaar, mnr. en mev. Bill Shaer en mnr. en mev. Putter van Bloemfontein.



'n Vol program met pret vir oud en jonk was 'n kenmerk van vanjaar se Oogfees. Die skaaptel en skaapbeoordeling het soos gewoonlik groot belangstelling geniet en menige boer het nuuskierig nadergestaan. Foto onder. Mnr. Leslie Higgs het skoonskip gemaak met die skaaptel-kompetisie, terwyl in die Jongooi (Dohne-ras) was mnr. Koos Roos die wenner, mnr. A. Liebenberg by die Merino-ras en C. Steenkamp by die S.A. Vleismerino's. Mnr. Dries van der Walt eindig eerste met sy Zastron Merino's en mnr. Koos Roos met sy Zastron Dohne's en mnr. Andries Swanepoel in die afdeling vir groot lammers.




## DIE OOG BAKKERY



***Probeer gerus ons Vars Brood, Banket Wegneemetes en Teekamer***

Ons wil u graag bedien

**Bestuur: Hans en Marie Botes**
**Martina Botes & Elize Steyn**

**TEL. 584**


Die Vlieër-kompetisie is deur Wynand Botha gewen, terwyl Sakkie Burger en Bennie Jansen die tweede plek gedeel het. Die skattejag was groot pret en Cassie Cordier (jnr) het die eerste geëindig, met Gert Olivier en Basie de Klerk tweede en derde.

Om vir die Ma-en-dogter kompetisie in te skryf, was die meeste maar sku, maar tog was mev. Magriet McCallagan en haar dogtertjie, Ninie van Dyk en haar dogter en Elize Jansen en haar twee dogters waardige wenners in die drie afdelings.

Die stoomtreinrit met al sy prettighede was vanjaar weer 'n hoogtepunt van die fees en die belangstelling was so groot, dat 'n ekstra wa gereël moes word om almal te kon akkomodeer.

manne het mekaar behoorlik gekarnuffel of dit nou binne of buite die stoeikryt was. **Op die foto staar ds. Nico de Klerk en ander belangstellendes ietwat verdwaas na die staaltafel wat tydens die stoei-vertoning in die slag gebly het!**



Nog vele ander verrigtinge het van die fees, 'n onthou-geleentheid gemaak. En wat is nou lekkerder as om 'n fees af te sluit met die kroning van 'n koningin ...... **Op die foto verskyn mev. Adri Fenwick saammet die joolkoningin van die UOVS in die middel en links is die eerste prinses, mev. Anlie Smit en mev. Lena Opperman, tweede prinses regs.**



## PLAASWAGSTELSEL INGESTEL

'n Plaaswagstelsel vir al die plase in die distrik Wepener en ook in Boesmanskop en Vanstadensrus-omgewing is op Woensdag, 13 Mei, tydens 'n vergadering in die hoofkwartier van die Wepener-kommando ingestel.

Al die plase wat betrokke is in die stelsel het reeds selvergaderings gehou. 'n Voorsitter en sekretaris moet nou as die volgende stap gekies word en dan moet ook 'n grondwet vir elke sel opgestel word.

In gewone taal beteken die vorming van 'n plaaswagstelsel dat die eienaars of bewoners hulself in 'n veiligheidsstelsel organiseer om misdaad te bekamp. Omdat die Suid-Afrikaanse Polisie reeds sy hande vol het, is die doel van die nuwe stap om die veiligheidsmagte te help in die bekamping van misdaad en veral baie belangrik in die verskaffing van inligting.

Om die oomblik beleef Suid-Afrika 'n ongekende golf van misdaad. Benewens diefstal, is daar kommerwekkende toename in aanvalle en moorde op bejaardes op plase.

"U moet uself leer help. Enige bestryding van misdaad begin by die mense self en daarom die instelling van die plaaswagstelsel," het kol. Braam Rossouw, bevelvoerder van groep 36 tydens die stigtingsvergadering gesê.

'n Buurtwagstelsel word ook vir Wepener beoog, maar is tot dusver nog nie gestig nie.


**SKEERDIENSTE**

**Klasser ook beskikbaar**

*KONTAK*

**S. VAN DER WALT**

**Tel. 1502**

***Vanstadensrus***


Die grootste probleem op die oomblik is die gebrekkige kommunikasies tussen die plaasselle, die SAP en die Weermag. In hierdie stadium is dit nog nie duidelik watter radio's om aan te skaf nie omdat die kostes so hoog is. Van die belangrikste take van die plaaswagte sal wees om vreemdelinge te identifiseer en weg te wys, patrollies te ry en inligting in te samel. Huis- en haardbeskerming sal natuurlik ook voorrang geniet.

## DRAGTIGHEIDSTOETSE IN DROOGTETOESTANDE

Verlede jaar het verskeie artikels deur dr. Rob Brüning in Die Zastronner verskyn oor die belangrikheid van dragtigheidstoetse by beeste en skape om produksie en winste te verhoog.

Met die toetse wat so vroeg as 40

is, gedoen word kan die boer wel beter beplan vir die winter. Die niedragtige diere kan of verkoop word as hulle kondisie bevredigend is of gevoer word om later verkoop te word. Of die dier kan instandhoudende lekke gevoer word om net die winter te oorleef. Die lekke het minder energie bestanddele nodig as die lekke vir dragtige diere en dus wel 'n besparing vir die boere teweeg bring.

Die dragtigheidstoetse wat vanjaar uitgevoer is het die volgende resultate opgelewer. Koeie wat wel by die bul was voor Januarie en wie se kondisie goed was, het 'n ongeveer 95% besettingspersentasie. Koeie wat vanaf Januarie tot Maartmaand by die bul was, het swak gevat - ongeveer 20% besetting, terwyl die gedurende Maart weer 'n 50% besetting toon.

**GREYLING-VERVOER**

bied aan
Algemene vervoer van
tien ton vragte aan

* ***Lewende Hawe***
* ***Meubels landwyd***

(Toe vragte)

**Vir meer inligting skakel**
**KOOS GREYLING**
**TEL. 3302 ZASTRON**

## "DIT WAS HEERLIK!" SÊ DIE MOTORFIETS-MANNE

**Vir vyf sorgvrye dae kon die manne van Wepener-Motorfietsklub vergeet van die droogte en al hul probleme - Eers is daar per bus gereis tot duskant Hotazel, daarvandaan 350 km met motorfietse in Bophuthatswana. Té veel wil die manne nie praat nie, maar blykbaar is daar vir elke 10 km wat gery is, 35 km geswem! Wat dít sou beteken, kan lesers maar self uitvind!** Foto: Van die manne het gaan loer hoe die winkeltjie in Bophuthatswana van naderby lyk, maar soos blyk het hul teenwoordigheid heelwat belangstelling uitgelok!



SPRINGBOK KAFEE
Zastron

Tel. 46


*Ons lewer 'n*
*Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie, vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*

**TEEKAMER**

**Troufoto's**



**Rhyno Kriek**
**☎(051) 300167**

## EVA'S PLEGTIG INGEHULDIG

"Ek onderneem om 'n ware en opregte Eva te wees en om my deel by te dra om van elke geleentheid 'n ware fees te maak." Só het elke teenswoordige die eed afgelê, onderteken en beklink met 'n vinnige glas vonkelwyn!

Vandeesmaand se bymekaarkomfees was aan huis van mev. Annamarie Swartz. Sy het op praktiese wyse haar dokterskennis met die eva's gedeel en verskeie noodbehandelings is bespreek. Elke gas het ook afgerolde aantekeninge oor dié lesing ontvang.

Gesellige saamkuier is deel van vrouwees en soveel lekkerder as dit iemand se verjaardagtee is! Daarom, het die eva's dan besluit dat vergaderings sover moontlik voortaan saammet lede se verjaardae sal plaasvind. Die slotsom - daar lê nog talle eva'sfeeste voor!

## HET U GROEN VINGERS?

Die Publisiteitsvereniging beplan 'n tuinbou-kompetisie tydens die komende somermaande.

Daar sal trofeë en pryse op die spel wees wat tydens 'n spesiale funksie oorhandig sal word.

In die volgende kategorieë sal meegeding word:
* Groot tuine
* Klein tuine
* Middelslag tuine
* Sypaadjies
* Instansies: Besighede, Kerke, Skole, Munisipaliteit, ens.

Twee beoordelaars sal van naburige dorpe aangestel word om die tuine te

kom beoordeel. Kriteria waarvolgens beoordeling sal geskied sal nog bekend gemaak word. Begin nou al om u tuin gereed te maak vir die somer!

## HEERLIKE MOOIMAAKKANS VIR ZASTRON-VROUE

Het u al ooit gewonder hoekom die modelle in tydskrifte so goed lyk? Het u al ooit gewens dat u ook so kan lyk?

Nou word dames op Zastron die geleentheid gebied om van die land se top stiliste se kundigheid te ervaar. 'n Werkswinkel van 4 - 5 dae word beplan waartydens u individuele advies, aandag en demonstrasies van hierdie stiliste sal ontvang. Slegs 25 dames sal hierdie kans kry. Skakel mev. Karen Botha, tel. 18 of 107 sonder versuim, indien u belangstel om op u beste te lyk.

## V.L.U.-LEDE LEER MEER VAN VLEISBEWERKING

Op Woensdag, 20 Mei tydens die V.L.U.-vergadering verryk Leon Scorrano die dames met al sy kennis van 'n bees agterkwart.

Met beesslag wat vir al die boervrouens voorlê, kon almal vrae vra en Leon wys geduldig waar elke deel in die geheel aanmekaar pass. Hy verduidelik wat om met snitte te maak, bv. potbraai, stowe of 'n heerlike rol van die liesgedeelte.


**ONS KRUIK**

*TEL. 502 Ralphstraat, Zastron*

Daagliks oop tussen 13h00 en 14h00

**KOM BESOEK ONS GERUS**

Groot verskeidenheid geskenke

Wolmatte wat elke sak sal pas

Probeer ons gesondheidspap en stafies

Potplante

**Potgrond, kompos en kunsmis**



**ONS LEWER GRAAG DIE GESKENK VAN U KEUSE AF BY DIE HOSPITAAL OF TUIS MENSE BUITE ZASTRON BAIE WELKOM OM TE SKAKEL**


Ribbes kan ook met behulp van 'n toutjie ontbeen word om rolle te maak met maalvleis as vulsel. Vleis kan ook vir vier dae in 'n koelkas gehou word om ryp te word. Die bloedwater moet net gereeld afgegooi word. Geïnspireer deur al die nuttige wenke, verdaag die lede na 'n koppie warm tee.

Die volgende byeenkoms vind op 24 Junie plaas met gesondheid as tema. Uitstallings van 'n huisapteek en geskenkies sal deel van die vergadering uitmaak.


## KOMPETISIE-TYD

Neem asseblief kennis dat hierdie kompetisies vanaf Mei 1992 gestaak word.

**Wenner**

Die wenner van die Maart-kompetisie en R25 geskenkbewys van Multimark is: Mev. R. Mans

# RENDEZVOUS
# GEBRUIKTE MOTORS
# LADYBRAND



TEL. 2936/2729

NA URE: T. Nel 2441
T. Lourens tel. 2101
L Steyl 40821
E Lehasa 40088

B T W INGESLUIT

| | |
|---|---|
| 1991 Citi Golf CSL + Air/c + Rad/T Like New | R33 000 |
| 1990 Nissan Sentra SX "Like New" | R24 530 |
| 1991 Toyota Conquest 1.3 23 000 km | R28 600 |
| 1990 BMW 735 AT. Full Serv/R 80 000 km | R145 600 |
| 1990 Jetta CLX + Air/c + Serv/R | R35 750 |
| 1989 Toyota Cressida GLI - 6 Man Ext. 62 000 km | R41 800 |
| 1988 Jetta CLX Very Good | R28 600 |
| 1987 Nissan Sentra 1.3 only 66 000 km | R18 700 |
| 1987 BMW 525 E Man Very Good 80 000 km | R29 150 |
| 1987 BMW 320 I Man Full/H | R35 200 |
| 1985 Escort Sport 5 Door Very Clean | R13 420 |
| 1985 Cressida LS | R15 900 |
| 1984 BMW 323 "Good + Condition" | R26 400 |
| 1991 Nissan 1 600 One Tonner 17 000 km | R27 500 |
| 1991 Isuzu KB230 4x4 LE Airc.+Canopy 18 000km | R52 800 |
| 1990 Bantam 1.6 Leisure 40 000 km | R23 900 |
| 1989 Nissan 1 800 One Tonner LDV | R23 100 |

# TAALHOEKIE

*Laat ons nou maar gou die ys breek, maar nie op gladde ys staan nie of selfs nie op gladde ys waag nie.*

*Verwag eersdaags so 'n winterwindje wat waai ..... 'n egte winterwind! Wie weet wanneer Zastron sy wintermantel oor Aasvoe¨lberg te wagte kan wees! Gelukkig is dit nog nie in die winter van ons lewe nie; want lente gaan loer aanstons oor ons agterdeur/skouers.*

*Wees in elk geval op jou hoede (jy moet soos 'n wagter wees; versigtig, beskermend): op ou ys vries dit nie maklik nie. 'n Mens waag dit in elk geval nie op dun ys nie, anders laat dit jou eenvoudig yskoud.*


*Ja, dis op 'n koue wintersmiddag dat Santjie van Soendal vroegmiddag af oor die onderdeur loer. Sal Japie, buurmanskind, tog nie die´ aand by 'n gesonde pasie¨nt/nôi wil kom waak nie?*

*Japie woon maar net 'n japtrap van Soendal af. Hy is nie 'n japsnoet nie, ook net nie 'n dorpsjapie nie; Nee, as hy iets aanpak, is dit in'n japtrap afgehandel ..... perfek, korrek en eksie-perfeksie ........ 'n pure man, die´ Japie. Omie.*

## HELP ONS ASSEBLIEF

**Laat weet gerus watter artikels byval vind en watter nie. Dis die enigste manier waarop Die Zastronner lewendig kan bly. Weet u iets wat ander mag interesseer, ken u dalk iemand wat presteer het of wil u iets adverteer? Hoe gering ookal u bydrae, moenie huiwer nie - kontak gerus vir Diana Rautenbach, tel. 1821 Boesmanskop of Lena Opperman, tel. 3613 Zastron.**


Soekie Venter
Eiendomsagent



Tel. 72
alle ure

UNITED
ALLIED
SANTAM-
VERSEKERING

SANTAM
MULTIPLEX

Die wydste dekking onder een sambreel

Lenings kan gereël word

Vrystaatse Lewendehawe
Gustavusstraat 24A
Posbus 6
ZASTRON

# U I T  D I E  W O O R D

"Julle is die lig vir die wêreld ..... Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" Matt. 5:14,16

## KERKNUUS

### GEESTELIKE BYSTAND IN TYE VAN NOOD

Na aanleiding van 'n preek onlangs oor die spanningsvlak veral onder die boeregemeenskap tydens die droogte, het daar 'n behoefte om 'n gespreks- en gebedsgeleentheid te voorskyn gekom. Voortaan sal daar elke Maandagoggend om 07h30 in die biblioteeksaal besin word oor al die kwelvrae en hoe om dit te hanteer. Almal is welkom om deel te hê aan die gesprek en vrae kan ook voor die tyd by ds. Nico de Klerk ingehandig word.

### PINKSTER 1992

Gedurende pinkstertyd sal die N.G. Kerk Zastron in diepte kyk na die rol, boodskap en agtergrond van die verskillende profete in die Woord. Die diens sal elke weeksaand om 18h00 plaasvind.

#### Interkerklike diens

Op Pinkstersondag, 7 Junie vind 'n interkerklike diens by die skougronde plaas. 'n Russiese vrou, dr. Margaret Nikol sal die diens lei. Alle gelowiges word uitgenooi om na die spontane getuienis van hierdie vrou te kom luister, wat ook 'n bekwame violis is. Aldus ds. De Klerk was verlede jaar 'n groot sukses en is die diens deur bykans 500 mense bygewoon. 'n Vriendelike versoek word weer aan die boere gerig om moeite te doen om saam met hul swart werkers die diens te by te woon.

### MOOI GEBAAR DEUR BKJA

Gedurende die maand het die BKJA-lede van Zastron moed bymekaar geskraap en in die middestad van Bloemfontein geld gaan kollekteer vir Daniël Burger.

Hy is die Suid-Afrikaanse seun wat


**EXPERT**

**TWEEDEHANDSE MEUBELS**

Koop en Verkoop meubels met jare se ondervinding

***Gratis kwotasies op Ingeboude kombuis- en slaapkamerkaste***

**Kontak**

***Francois van Heerden***

**Rouxville tel. 23**
**of na ure tel. 132**

hom tans in 'n kinderhuis in Nederland bevind. As jong kind is sy ouers geskei en is sy vader, wat 'n Springbok-atleet was, voor sy oë vermoor. Hy het by goeie vriende in Suid-Afrika gebly, totdat sy moeder hom kom haal het en in 'n Kinderhuis in Nederland geplaas het. Sy het intussen saammet 'n man na Indonesië verhuis. Tans is die Suid-Afrikaanse vriende besig met 'n appélsaak, wat duisende rande bedra, om toesig oor Daniël Burger te probeer kry.

## GIDEONS

Die Zastron-laer van die Gideons het op 22 Mei Zastron Hoërskool en die Lera-La-Thutu Skool besoek.

Daar is reeds op verskeie plekke, soos Bethulie, Rouxville, Smithfield, Wepener en Tussen-die-Riviere besoek afgelê.

'n Nuwe bestuur is ook vandeesmaand verkies en mnr. Bill Shaer is die nuwe president.

Enige persoon wat belangstel om aan te sluit by die Gideons, kan met die lede skakel. Hulle is Bill Shaer, Les Higgs, Nico Jansen, Jackie Human, Thabo van Rooyen, André van Zyl, Dermot Cusens, Eugene Heyns en Rob Brüning.

Persone wat belangstel om allegeleentheids-kaartjies of ter nagedagtenis kaartjies van die Gideons te bekom, kan met Nico Jansen skakel. Dié fondse word weer aangewend vir die aankoop van bybels.


**BOOTS-'N-ALL**

**Posbus 449** **Zastron**

**Pragtige kleure Pinquin wol**
**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes en Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**

**Tel. 206**

## Rugby

Zastron Hoërskool se seuns het die afgelope tyd met puik prestasies vorendag gekom. Tydens die streeksproewe slaag hulle daarin om Rouxville met 37-4 te klop. Elf van die seuns het aan die finale proewe deelgeneem en het as volg presteer: Suidoos-Vrystaat A-span: Justin Capitao, Jean Aucamp, Nelis Swart en Christo Crous. Suidoos-Vrystaat B-span: Gerhard Fourie, Kobus Barnard, Eddie Wansbury, Wikus Barnard (onderkaptein), Theuns Breytenbach en Alex Botha.

Na afloop van die proewe is Nelis Swart in die Vrystaat Platteland B-span ingesluit en Justin Capitao as reserwe aangewys.

## Netbal

Na 'n reeks skitterende oorwinnings tydens die proewe word die volgende vyf dogters uitgenooi na die OVS Platteland proewe: Jumari Kühn, Anél en Riëtte Hattingh, Margo de Witt en Elmari Olivier. Jumari, Anél en Riëtte was onder die beste 28 speelsters. Jumari Kühn is in die OVS Platteland-span ingesluit. Baie geluk.

## Sportdag teen Dewetsdorp

Die onder nege rugbyspan het vir die groot glanspunt gesorg toe hulle met pragtige hardlooprugby daarin slaag om Dewetsdorp 28 - 6 te klop. Die onder nege netbalspanne het ook puik gevaar deur met 6 - 2 en 9 - 3 te wen. Die eerste netbalspan van Zastron wen met 32 - 25 en die eerste rugbyspan het in 'n harde wedstryd 14-10 teen die gekombineerde Dewetsdorp/Wepener-span geseëvier.

## Voortrekkerkamp te Champagne

Twintig verkenners het die naweek van 8 Mei op die plaas van Hennie en Aret Labuschagne deurgebring. Dit was 'n wonderlike ervaring en aktiwiteite wat die naweek onvergeetlik gemaak het was, kampvuur, nagmars, skyfskiet en perdry.

TOPSPORT
Posbus 308 ZASTRON Tel. 343

SPORT-AFDELING
* Sweetpakke * Sportsakke
* Sportbroeke
* Verskeidenheid hemde
* Tennisklere * Sportkouse
* Skoene vir alle sport
* Sportballe
* Gholftoerusting

GEHALTE & KWALITEIT IS ONS LEUSE

MATERIAAL-AFDELING
* Rokmateriaal * Satyn
* Kaasdoek * Breistowwe
* Sweetpakmateriaal
* Winterslap * Satynlint
* Naaldwerkbenodigdhede
* Verskeidenheid garing
* Kant

# ADVERTENSIES

**Geklassifiseerde advertensies kan aan Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste daaraan verbonde is R5.00 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5.00 kos. Let wel geen geklassifiseerde advertensie sal geplaas word indien dit nie vooruitbetaal is nie.**

## TE KOOP

*Nuwe en Tweedehandse sakke te koop. Skakel* ***D. Snyman, tel. 1922 (Zastron)***

*Young Muscovy ducks (R10 each), Budgies (R10 each) and Love Birds (R15 each). Contact* ***mrs. H. Dixon, phone 64 Zastron.***

*Speenvarkies, Blesbokke en Vetstertskape te koop. Skakel* ***Andries Swanepoel, tel. Zastron 3622***


**MODEL SLAGHUIS**

***Ons spesialiseer in***

***Gerookte Varkboude***

***Skaap- en Varkribbes***

***Rookwors en nog vele meer***

Eien. G.J.J. Schoeman & G.J. Marais

TEL. 183


## TE HUUR

*Vyfbed-karavaan te huur enige strandoord in omgewing van George, enige tyd van die jaar. Skakel* ***George 712171***

## ALGEMEEN

*Is u rente op u bankstaat korrek? Ek kan u rente op u oortrokke bankrekening kontroleer vir die korrektheid daarvan. Kontak* ***Kobus Breytenbach, tel. 3413 saans***

*Boere doen uself "prys gewys"'n guns. Vir Skeerdiens kontak* ***Jack Webb, tel. Zastron 3303 geduren-de 08h00 en 09h00***

## GESOEK

*Ek stel belang om tweedehandse opvoedkundige speelgoed te koop wat in 'n goeie toestand is. Skakel* ***Babs Cusens, tel. 36 of na ure 430.***

# CHAMPION DISTRIBUTORS

*Softs wholesale*
*for shop & store owners*

**All School Shoes**
**Mens Wear**
**Childrens Wear**
**Ladies Fashion Wear**
**Baby Wear**

**prop. M.A. MARTIN**

**Tel. 522**
**Zastron**


## DIÉ VOORLAAIERS KAN NOG SKIET!

Gedurende Aprilmaand elke jaar word die voorlaaiers uitgehaal en kom die Swartkruit-skietunie op Reddersburg byeen vir 'n langafstand skietkompetisie.

'n Inwoner van Zastron, mnr. Thabo Kruger het vanjaar vir die vierde keer aan die kompetisie deelgeneem en is trouens die enigste Vrystater wat lid van die skietunie is. Die unie bestaan uit 35 lede.

**Op die foto is mnr. Thabo Kruger van Zastron besig om sy geweer te laai tydens die skietkompetisie.**



Mnr. Kruger versamal ou gewere en patrone en is dringend opsoek na 'n Woodworth voorlaaier, want dit sal hom instaat stel om op 'n meer kompeterende vlak aan die kompetisie deel te neem.

## ZASTRON-STOEIERS WYS HUL MAN

Op Saterdag, 9 Mei het Zastron se Stoeiklub aan 'n toernooi te Bultfontein gaan deelneem. Die uitslae was as volg:

**Eerste plekke**

Uys Fourie
Kobus Calitz
Jacques Claassen
Cassie Cordier
Juan Fonternel
Mike Kruger
Jaco Kruger
Sarel Dry

**Tweede plekke**

Pieter Calitz
Gawie Kruger
Francois Cordier
Eugene Swartz
Jaco Potgieter
Gustav Fouché
André Schoeman
Ollie van Ronge

**Derde plekke**

Riaan Cordier
Peter Breen
Willie de Wet
Pepler de Witt
JB Smith
W.E. Swanepoel
De Wet Fourie

Op 13 Junie vind die Vrystaat Proewe in Bloemfontein plaas en na verwagting sal ongeveer 200 stoeiers aan die toernooi deelneem.


**RENIERSHOF**

Tielmanrooslaan
Zastron
TEL. 315

**Muurbal**
**Tafeltennis Poeltafel**
**Apparaatwerk**
**Oefeninge**

*Callanetics - Maandae & Woensdae*
*17h15 tot 18h00*
*Lae impak aerobiese oefeninge*
*Dinsdae & Donderdae om 17h15*

**Stoei**

*Maandae & Donderdae 18h00 - 19h00*

**LEDEGELD**
Enkelpersoon - R120.00
Gesin van twee - R170.00
Gesin van drie & meer - R190.00

**WIELIE WALIE SPEELGROEP**
**Maandae & Woensdae**
**& Vrydae 09h00 - 12h00**
**SAAL TE HUUR**

**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
**Volkskas-gebou** **Tel. 259 Zas**
**Zastron** **Tel. 6 Rxv**

**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*
**BOEDELBEPLANNING**
*Testamente en Boedelberedderaars*
**EXACTAX**
*Inkomstebelastingdienste*
**EIENDOM**
*Verkope en Verhuring*
**VERSEKERING**
*Makelaarsdienste*

## ZASTRON GHOLFKLUB

Die Suid-Vrystaat Gholfspan het hul goed van hul taak gekwyt en Sentraal-Vrystaat met 25 - 8 gewen. Drie Zastronners het gespeel, naamlik Paul de Witt, Dermott Cusens en Reg Henning. Hartlik geluk aan Reg wat altwee sy wedstryde gewen het.

## PLUIMBAL

Op 15 en 16 Mei is 'n Vierhoekige Subunie wedstryd te Petrusburg gespeel. 'n Vrystaat Plattelandse Span is toe gekies om die provinsie tydens die Suid-Afrikaanse Plattelandse toernooi wat vanaf 4 - 11 Julie in Oos-Londen aangebied word, te verteenwoordig.

Twee Zastronners, Soentjie Louw en Jimmy Louw het die span gehaal. Die ander lede van die provinsiale span is uit die Suidwes-Vrystaat en Oos-Vrystaat gekies.

Tydens die wedstryde te Petrusburg het die Suid-Vrystaat se A en B-afdelings, wat verskeie Zastronspelers insluit, baie goed gevaar. Slegs Bloemfontein se span het hulle met 5 - 3 geklop.

***DIE UNIE***
***DRANKWINKEL***



**Posbus 2**
**3**
**Tel. 6**


**Ons waarborg persoonlike aandag**

***Dawid en Elsabe Jordaan***

## TEN SLOTTE ....
### Harde grond

*Die plaasboer kom vir die eerste keer in die Goudstad en hy kan hom nie ophou verwonder aan die teerstrate nie. Hy stamp sy voet hard op die teer en sê: "Wel, ek blameer hulle nie dat hulle die stad hier gebou het nie. Hierdie grond is in elk geval te hard om te ploeg!*

# Maluti Hotel
## ZASTRON


OP DIE HOOGLANDROETE
ON THE HIGHLAND ROUTE

*Hier vind u persoonlike aandag en maaltye voorberei*
*in die fyn tradisie van koskenners!*

*Die Renier de Winnaar-kuierkombuis bied u*
*ligte middagetes teen minder as R10,00.*

*Kom geniet gerus 'n koppie boeretroos*
*en smaaklike tuisgebak.*

**DIE HOTEL WAT ZASTRON BEKEND GEMAAK HET!**

HONORE ET INDUSTRIA

# Zastron

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS • DIE DORP MET GROEIKRAG*

**HIER VIND U:**

☆ Ongeëwenaarde natuurskoon en puik ontspanningsgeriewe ☆
☆ Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse ☆
☆ Munisipale dienste teen besonder billike tariewe ☆
☆ 'n Gesonde, gematigde klimaat ☆
☆ Puik woonwapark ☆
☆ Vakansieplase ☆
☆ Forel-vangste ☆
☆ Staproetes ☆
☆ Puik hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede ☆

**ONS NOOI U:**

*Kom besoek Zastron en vestig u hier*

Vir nadere besonderhede skakel met

**DIE STADSKLERK, POSBUS 20, ZASTRON 9950**

Tel (05542) 18

Sentrapers 14638